PERSVERKLARING

SENWES GHOLFDAG DRA BY TOT LIEFDADIGHEID

Die Klerksdorp Opheffingsprojek (KLOPP) het onlangs 'n R80 000-hupstoot ontvang, deur middel van 'n Senwes Village gholfdag.

Fondse gegenereer uit die opveiling van verskeie memorabilia-items, sowel as 'n donasie van die landboumaatskappy Senwes, het daarvoor gesorg dat 'n tjek van R80 000 aan KLOPP oorhandig is.

KLOPP is 'n inisiatief van kerke en Christen-besighede in die Klerksdorp-omgewing. Hul doelstelling is om opheffingswerk te doen deur kundige, talentvolle en passievolle mense te betrek om behoeftiges se nood op 'n liefdevolle en effektiewe wyse aan te spreek.

Senwes Village bied jaarliks 'n gholfdag vir hul verskaffers aan om dankie te sê vir hul volgehoue samewerking en om hul te vra om hul harte en beursies oop te maak en aan liefdadigheid te skenk.

Voedingsprojekte, maatskaplike werk en mediese dienste is slegs enkele dienste wat deur KLOPP in die gemeenskap verrig word. Skakel Rentia van Zyl by (018) 462-1777 of 072 325 0077 indien jy betrokke wil raak by hierdie projek.



'n R80 000-hupstoot vir liefdadigheid: Johan Dique (Besturende Direkteur, Senwes) saam met Johann en Mariëtte van Rensburg, direkteure van die Klerksdorp Opheffingsprojek (KLOPP).

- EINDE -

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 2 DESEMBER 2009

Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za